# HEILIGING EN DIE PENTEKOSTALISME[1]

P J van Jaarsveld[2] & J S Kellerman[3]

## 1. Inleiding

Die Pentekostalisme is 'n beweging wat deur die jare gegroei het. Hulle laat val die klem op die ondervinding wat die Heilige Gees meebring in die lewe van die individuele gelowige maar ook op die gemeenskap van gelowiges onderling. Bruner (1976:20) stel dit soos volg: "Pentecostalism wishes in brief, to be understood as experiential Christianity, with its experience culminating in the baptism of the believers in the Holy Spirit, as at Pentecost, by speaking in other tongues. It is important to notice that it is not the doctrine, it is the experience of the Holy Spirit which Pentecostals repeatedly assert that they wish to stress."

## 2. Historiese wortels van die Pentekostalisme

Die Pentekostalisme kan sover terug opgespoor word as 156 nC toe hulle voorvader, Montanus, op die toneel verskyn het (Strydom 1988:187). Afstammelinge van hom wat met hierdie geestesrigting geassosieer kan word, is onder andere die Donatiste (313-355), die Middeleeuse spiritualiste soos Tanqueling (1110), en Joachim van Fiore (1202), die Anabaptiste (vanaf 1525), die Janseniste (vanaf 1595), die Morawiërs (vanaf 1722), Swedenborg (1688-1772), die Kwakers (vanaf 1624), die Shakers (vanaf 1747) en die Irvingiane (vanaf 1792). Daarbenewens staan die Puriteine, die Nederlandse Nadere Reformasie, die Evangelical Awakening, die Piëtisme en veral die Metodisme in hierdie tradisie (Strydom 1988:187). Die herlewingsbewegings van die sewentiende en agtiende eeue in Duitsland, Engeland en Amerika het groot invloed gehad op die uiteindelike vorming van die Pentakostalisme. Hierdie beweging is veral in die eerste helfte van die vorige eeu voortgesit deur Edward Irving in Engeland en Charles Finney in Amerika. Die invloed wat veral van hierdie manne uitgegaan het, het aanleiding gegee tot die stigting van etlike bewegings

1 Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n gedeelte van die doktorale proefskrif aan die UOVS deur dr P J van Jaarsveld onder leiding van prof dr J S Kellerman.

2 P J van Jaarsveld, Posbus 548, Heilbron 9650.

3 J S Kellerman, Dept Diakoniologie, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

wat in die twintigste eeu uiteindelik geboorte gegee het aan die Pentekostalisme (Bruner 1976:35).

## 3. Die Piëtisme en die Metodisme

Die twee vernaamste bewegings waaruit die Pentekostalisme gegroei het, is ongetwyfeld die Piëtisme en die Metodisme. Die groot fout wat die bewegings gemaak het, was om die regverdiging en die heiliging van mekaar te skei en die heiliging baie meer klem te gee. Daarmee saam het die moontlikheid van die menslike prestasie in die heiliging ook na vore getree. Al die sektes wat uit die Protestantse kerke opgekom het, het min of meer van die gedagte uitgegaan dat die regverdiging uit die geloof gebrekkig was en aangevul moes word uit die heiliging (De Villiers s. a.:39).

Dit was veral Wesley se prediking aangaande die sogenaamde "second blessing" wat die crux van die Pentekostalistiese heilsorde gevorm het (Strydom 1988:188). Deur sy prediking het Wesley sterk Arminiaans geneig. Hoewel hy aandag aan die regverdiging en die geloof gee, leer hy tot dat die heiliging ten grondslag van die finale oordeel lê (Berkouwer 1949:47).

Wiersinga (1952:90) stel dit miskien bietjie eng as hy sê dat die persoon wat langs die weg van die Metodisme tot bekering gekom het en nou iets vir die Here wou doen, sy diens byvoorbeeld sal gaan soek in die verspreiding van traktaatjies en die getuienis van sy eie verlossing. So 'n persoon het geen erg daaraan om die beginsels van die Woord in die samelewing uit te dra met woord en voorbeeld nie. So 'n persoon heg veel meer waarde aan 'n opwekkingsdiens vir sy kollegas in die fabriek of om 'n kaartjie met 'n teks daarop saam met die produkte van daardie fabriek te verpak as om die Woord van God te laat deursuurdeeg in sy arbeidsverhoudinge.

Dit wil voorkom asof die Pentekostalisme die meeste van die Metodisme oorgeneem het, en veral uit Wesley se prediking, dat die mens 'n tweede ervaring moet hê wat uiteindelik op die doop met die Heilige Gees sou uitloop. Die klem lê baie beslis op die feit dat daar 'n ervaring moet wees. Jonker (1981:237-238) sê dat die ervaring vir die mense van beslissende betekenis is. Die ervaring moet die mens bokant homself uitlig, wat op sy beurt nou aansluit by die mistisisme. Die mees beslissende punt waaroor die verskil gaan, is die vraag na die verhouding tussen geloof en

ervaring. Die Pinksterbeweging ontken nie die noodsaaklikheid van die geloof nie, maar meen tog dat die geloof eintlik eers betekenis kry as dit bevestiging vind in 'n ervaring waarin die mens die volheid van die heil deur die Heilige Gees deelagtig word.

Die Pentekostalisme het hom egter al hoe duidelik van die "second blessing" - gedagte van die Metodisme van Wesley begin onderskei totdat die klem later volledig op die geestelike krag geval het wat ontstaan met die doop met die Heilige Gees. Die eie identiteit van die Pentekostalisme is egter finaal gestempel toe daar begin is om die gawe van glossolalie as teken van die doop met die Heilige Gees te beskou (Strydom 1988:188).

Die herlewingsbewegings het die bydrae tot die godsdienstige belewing gelewer dat daar geweldig klem geld is op die individu en sy eie persoonlike belewenisse. Dit is uiteindelik al wat deurslag gee. Dit het outomaties gelei tot die emosionalisering van die godsdiens. Veral in die tyd na die Renaissance en die Industrële Revolusie waar die mens al hoe meer 'n nommer in die sisteem geword het, het hierdie klem op die godsdiens uit die aard van die saak groot invloed gehad.

Nog 'n Metodis wat groot invloed op die ontwikkeling van die Pentekostalisme gehad het, was Charles Finney. Hy het die forensiese regverdigverklaring verwerp en het die egte heiliging as gronde aangevoer waarop die mens voor God sal staan. Finney sien die regverdiging as afhanklik van 'n heiliging wat dit moet voorafgaan en sonder dat hy weet dit is hy - miskien onwetend - binne-in die Rooms Katolieke ordo salutis (Bruner 1976:41).

R.A. Torrey is nog 'n Metodis wat 'n groot invloed op die Pentekostalisme gehad het. Bruner (1976:45) skryf dat dit Torrey was wat die eerste keer die doop met die Heilige Gees geleer het en daaraan 'n nuwe, meer Skriftuurlike basis gegee het. Hy is die man wat gepraat het van die "power from on high" vir die gelowige wat diens en getuienis wil lewer. Hy beklemtoon dit dat elke ware gelowige die Heilige Gees het hoewel nie elke gelowige die doop met die Heilige Gees ervaar het nie. Dit is egter binne die bereik van elkeen wat daarna soek.

Sedert die vyftigerjare van hierdie eeu het 'n nuwe beweging sy verskyning gemaak wat die Neo-Pentekostalisme genoem word. Hierdie mense soek 'n dieper tweede ervaring wat veral baie duidelik sigbaar is.

Hulle het aan ons bekend geword as die Charismatiese beweging (Bruner 1976:52). Wat verder interessant is, is dat hierdie mense nie soos die Pentekostalisme nuwe kerke gestig het nie, maar binne die bestaande kerke gebly het: "Pentecostalism is revivalism gone indoors." Hulle het die belofte van die reformasie in 'n nuwe rigting gesien.

Die verskil tussen die Neo-Pentekostalisme en die klassieke Pentekostalisme bestaan daarin dat eersgenoemde 'n meer genuanseerde standpunt met betrekking tot die gawes van die Gees huldig. Daar word byvoorbeeld aanvaar dat die besitname deur die Gees wel ook prosesmatig kan plaasvind en dat die glossolalie nie noodwendig 'n teken van die doop met die Heilige Gees hoef te wees nie. 'n Verdere verskil met die Pentekostalisme is die nie-skismatiese aard van die beweging. As belangrikste rede vir die snelle groei van die beweging word aangevoer die koudheid en onpersoonlikheid van die moderne lewe en daarmee saam die burokrasie, formalisme en tradisionalisme waarin die gevestigde kerke vasgevang sit (Strydom 1988:189).

## 4. Die doop met die Heilige Gees

Die doop met die Heilige Gees is die band wat alle Pentekostalistiese bewegings aanmekaar hou. Oral Roberts (1964:6) noem dit die "power of enablement". Möller (1975:35) noem dit die speerpunt van die Pinksterbeweging. Die doop met die Heilige Gees staan so sentraal in die Pentekostalistiese pneumatologie dat dit inderdaad as die hermeneutiese sleutel beskou kan word waarmee hierdie geestesrigting poog om die boodskap van die Bybel te ontsluit (Strydom 1988:190).

Die lede van die beweging is geweldig sterk op die ervaring ingestel. Die Heilige Gees kan "ervaar" word. Stiles (1948:122) skryf in hierdie verband: "In the first place, if the Holy Spirit is God in His dynamic aspect, knowing Him would necessarily have to be an experience." Christenson (1968:38) sê ook dat dit 'n besliste ervaring is. Hierdie ervaring word inderdaad "ondervind" tydens die doop met die Heilige Gees self, maar veral aan die gawes wat die Heilige Gees direk na die doop uitdeel aan die gedoopte (Bruner 1976:59). Daar moet niks sinistêrs in die doop met die Heilige Gees gesoek word nie. Dit is eenvoudig wanneer die Heilige Gees in sy volheid deur die gelowige "ontvang" word. Hoekema (1972:18) sê dat die doop met die Heilige Gees nie sommer net

op 'n ervaring dui wat elke gelowige ontvang nie, maar dat dit werklik gelyk gestel word met die historiese uitstorting van die Gees op Pinksterdag. Hulle beweer voorts dat voor die doop met die Heilige Gees, die Heilige Gees *met* die persoon en *op* hom is, maar nog nie *in* hom nie. "The baptism with the Holy Spirit completes whatever was lacking in conversion" (Bruner 1976:73). Du Plessis (1963:70) praat ook van die een gebeurtenis wat nog uitbly: "The regenerated sinner, now a member of the Christian Church, must be baptized in the Holy Spirit by the Lord Jesus Christ, the Head of the Church. Christ is the agent, the Holy Spirit is the element, and the believer is the object." Pearlman (1943:310) beskryf die doop met die Heilige Gees as "... it is used figuratively to describe immersion in the energizing power of the Divine Spirit ...". Ratz (1963:87) bou hierop voort as hy sê dat deur die doop met die Heilige Gees "... one thing being brought under the transforming power or influence of another thing."

Die Christen word opgeroep tot diens. Hierdie diens kan alleen uitgevoer word wanneer die gelowige daarvoor toegerus is en die toerusting kom deur die doop met die Heilige Gees. Bruner (1976:74) haal Paul Rabe aan wat tydens 'n internasionale konferensie van die Pentekostalisme gesê het: "By being born again we as individuals have been saved ourselves, but by Baptism of the Holy Spirit, we receive power, or shall we say power to save others ... By being born again we have become the children of God, but by Baptism in the Spirit we become the soldiers of Christ." Möller (1975:43) vat dit soos volg saam: "Die doping of vervulling met die Heilige Gees is die genadedaad, gebaseer op die belofte van Handelinge 1:5,8, waardeur God Homself op 'n persoonlike, onmiddellike innige en blywende wyse aan die gelowige openbaar, deurdat Hy die mens onder die kontrole en in die volheid van die Heilige Gees stel, waardeur die gelowige op 'n besondere wyse bewus gemaak word van die verrese en verheerlikte Christus in sy lewe, en as gevolg waarvan hy toegerus word om 'n lewe te lei waarin hy 'n groter getuie vir Christus kan wees en 'n voller dimensie van aanbidding kan beoefen."

Volgens hulle, deel die Heilige Gees persoonlike gawes aan die gedooptes uit - die sogenaamde charismata. Die gawe van glossolalie word beslis aan die doop in die Heilige Gees verbind. Bruner (1976:85) sê: "A baptism in the Holy Spirit without this Biblical sign of tongues is, in the Pentecostal movements general and majority understanding, an ordinary im-

possibility. To preserve the church from deception and to provide it with a clear criterion of inward membership, God has provided the church both biblically and experientially with an unequivocal sign." Dit is dus duidelik dat die gelowige eers moet kwalifiseer om die gawes te ontvang en volgens hulle is die doop met die Heilige Gees die enigste kwalifikasie.

## 5. Die verdienstelike aard van die ervaring

Gee (1932:20-22) stel dit prontuit dat die doop met die Heilige Gees nie 'n leerstuk is nie, maar 'n ervaring. "When God baptizes you in the Holy Spirit, every key is given up, every door thrown wide open, and at last the Lord of Glory possesses entirely that which He died to make His own." Hy sien die doop met die Heilige Gees as 'n herontdekking van die lewende Christus. Die Pentekostalisme beweer dat daar 'n verskil is tussen gewone Christelike geloof en die geloof soos deur die Pentekostalisme geleer. Kortom kom dit daarop neer dat die geloof soos hulle dit bely en ondervind, 'n "hoër" en "beter" geloof is. Die gewone Christen kan nie werklik weet wat Christenskap is as hy nie die ervarings deel soos beleef in die Pentekostalisme nie (Bruner 1976:111). Molenaar (1963:34) verwerp die stelling dat elke weergeborene die volheid van die Heilige Gees besit. Hy praat van die Heilige Gees as "een plus" in die sin "... dat in het bijzonder de doop of vervulling met de Heilige Geest een plus kan worden genoemd tegenover wedergeboorte en bekering, blijkt uit de wijze waarop in het boek Handelingen onderscheid wordt gemaakt tussen: 'tot het geloof komen' en: 'de Heilige Geest ontvangen'."

Sou die argument teenoor hulle gebruik word dat 'n mens die verlossing deur die geloof alleen deelagtig kan word, erken hulle dat dit so is maar dat hierdie geloof deur die gawes van die Gees bygestaan word. Hierdie gawes word dikwels gelyk gestel met die werke. Verder ontvang 'n mens hierdie gawes as 'n geskenk van die Heilige Gees na die doop met die Heilige Gees. Om terug te keer tot die verlossing deur die geloof alleen: die Pentekostalisme plaas die geloof na die werke: "... faith can and should accompany works; but faith's special place in relation to works in Pentecostal development immediately follows works as the effect follows its causes" (Bruner 1976:112). Molenaar (1963:37) brei ook hierop uit as hy die lyn trek tussen die weergeboorte en die doop met die Heilige Gees ten opsigte van sy siening oor hoe dit verband hou met die werke: "Wie

is wedergeboren, kan nooit afvallen en verloren gaan. Maar een wedergeborene, die de volheid des Geestes ontvang, kan wel die volheid weer verliezen."

Hulle beweer dat die doop soos ons dit ken in Gereformeerde kringe, gesien word as 'n daad van die mens terwyl die doop met die Heilige Gees as 'n daad van God deur die Heilige Gees gesien word. Die doop met die Heilige Gees word dan gesien as die bekroning van so 'n gelowige se heiliging. Maar voordat die doop ontvang kan word, moet die gelowige eers bewys lewer van die geestelike groei wat hy ondergaan het. Dit is waar dat hy voor die doop met die Heilige Gees eers tot bekering moes gekom het, maar die bekering word eers gevolg deur sy doelbewuste gehoorsaamheid in sy poging om die sonde geheel en al vanuit homself te oorwin en om werklik leeg van homself en sy eie belange te kom. Dit word gesien as die Christen se "essential preparation for the baptism in the Holy Spirit" (Bruner 1976:115). Dit is dus duidelik dat die goeie werke die ervaring van die doop met die Heilige Gees voorafgaan wat aan die hele aangeleentheid 'n verdienstelike karakter verleen. Dit plaas voorts sterk klem op die mens se eie aandeel daarin. Indien die Pentekostalisme die doop met die Heilige Gees dan sien as die voorwaarde van ware gemeenskap met God, ware vervulling met die Heilige Gees, kortom: van die verlossing in Jesus Christus, bou hulle in hierdie poging op die eienskappe en werke van die mens. Daardeur verhorisontaliseer hulle die verlossing en word dit 'n aksie van en uit die mens. Dit staan onder dieselfde vaandel as die leer oor die werkheiligheid van die Rooms Katolieke Kerk.

## 6. 'n Evaluering van die Pentekostalisme

Die Pentekostalisme is 'n sterk invloed vandag in die kerklike lewe wat nie te gering geskat moet word nie. Die beweging het veral die afgelope ses dekades 'n groei ondervind sodat die beweging al getipeer is as 'n "derde mag" (Strydom 1988:186) naas die Rooms-Katolisisme en die Protestantisme. Vanuit kerklike oogpunt vorm die Pentekostalisme die meerderheid in ten minste twaalf lande van die wêreld. Daarom dat Jonker (1981:212) die Pinksterbeweging een van die boeiendste verskynsels van ons dag noem.

Die Pentekostalisme verskil van die Metodisme in die sin dat hulle besondere klem op die gawes van die Gees plaas en dat die doop met die Heilige Gees vergesel meet word deur een van die besondere gawes van die Gees as die uiterlike teken dat die Heilige Gees wel in so 'n mens se lewe gekom het. Waar die Metodisme nog in kerklike kanale beweeg het, openbaar die Pentekostalisme 'n duidelike separatistiese gees. Hulle glo vas dat wat op Pinksterdag en kort daarna plaasgevind het, en waaroor die Nuwe Testament skryf ten opsigte van die spreek in tale, die wonderwerke, die genesings en die gesigte, eksemplaries voorgehou word vir die Christelike kerk van vandag (Strydom 1988:186).

Die vernaamste leerstellige beswaar wat teen die Pentekostalisme ingebring moet word, is die ongeoorloofde skeiding wat hulle tussen Christus en die Heilige Gees aanbring (Jonker 1981:216). Dit kring verder uit omdat dit ook impliseer dat daar 'n skeiding kom tussen regverdiging en heiliging waar daar dan gepraat word van 'n lewe in die geloof maar dan dat daar ook 'n lewe is (kan wees?) van volkome vernuwing. Jonker (1981:216) skryf: "Waar die Skrif leer dat die volle heil in Christus gegee is en dat die Heilige Gees niks anders doen as om die mens deur die geloof aan Christus te verbind en hom só al die skatte en gawes van Christus deelagtig te maak nie, leer die Pentekostalisme in feite dat Christus wel genoegsaam is vir die regverdiging van die mens, maar dat hy na die Heilige Gees moet kyk vir sy heiliging. By die mens se bekering en regverdiging deur die geloof ontvang hy Christus en die vergifnis van sondes, maar by die doop van die Heilige Gees ontvang dieselfde mens die Heilige Gees met die oog op heiligmaking en totale vernuwing."

Hierdie dwaling openbaar 'n sterk Armeniaanse afkoms omdat hulle na meer soek in hulle verhouding met die Here en die regverdiging en lewe deur die geloof te min vir hulle bied. Hulle moet meer hê en die enigste weg waarlangs hulle dit kan vind is langs die weg van die ervaring. Die oordrewe klem wat die kerk op die rasionele geplaas het in die verlede, het outomaties aanleiding gegee tot 'n ervaringsdrif en die Pentekostalisme voorsien baie beslis in hierdie diep gewortelde behoefte van die mens wat in staat is om die mens bokant homself en sy alledaagse belewing uit te lig (Jonker 1981:237). Die Pentekostalisme het hierdie ervaring ongelukkig soveel verder geneem dat hulle dit nou as van beslissende betekenis vir die Christen beskou. Die wese van die probleem is dat die mense vasgeval het in die subjektivisme. Dit het gebeur toe hulle die

Woord al verder uit die sentrum geskuif het en meer en meer klem op die ervaringe van die mens laat vat het. (Vertel my van jou ervaringe en ek vertel jou watter tipe Christen jy is.)

Hierdie oordrewe klem op die ervaring lei daartoe dat die beweging al hoe sterker neig na die ekstatiese. Hier is byna sprake dat die ervaring die mens bokant homself moet uitlig om so een met God te word en op hierdie wyse vertoon hulle hulleself as 'n beweging wat ook in die mistieke opgegaan het. Die element van die mistieke dateer uit die oertyd waar die heidene altyd gepoog het om op geheimsinnige en ekstatiese wyse kontak met die gode te maak en gemeenskap met hulle te hê. Dit het in ons dag die gevolg dat die Woord van God agtergelaat word as iets uitwendigs "sodat deurgestoot kan word na die voller, dieper lewe wat in die ervaring gesmaak word" (Jonker 1981:239). Die ongelukkige is dat die ervaringe meewerk dat die Pentekostalisme geestelik hoogmoedig word want hierdie "geesvervuldes" sien hulleself as die "enigste ware Christene" en hulle skryf die ander af as onbekeerd en verlore (Jonker 1981:218).

Ons het gesê dat die Pentekostalisme 'n sterk individualistiese neiging openbaar wat impliseer dat hulle - net soos die Metodisme waaruit hulle gegroei het - die verbond glad nie ernstig opneem nie. 'n Ander kenmerk hiervan is dat hulle die kinderdoop verwerp. Dit moet binne die breë konteks gesien word van die spiritualistiese gees wat hulle adem waar daar nie net vir die Woord nie, maar ook vir die sakramente as genademiddele geen plek is nie. Die sakrament word verstaan as hoogstens 'n menslike daad in antwoord op God se genade as dat dit as God se daad aan die mens gesien word. Dit is die rede waarom daar met soveel onverskilligheid oor die tekens uit die hand van die Here Self geloop word en die rede is waarom die nagmaal veral so oppervlakkig gesien en hanteer word.

Die grootste rede waarom die Pentekostalisme uit koers geraak het, was die ongemagtigde skeiding wat hulle tussen die regverdiging en die heiliging gemaak het en die oordrewe opgaan in 'n subjektiewe, deur en deur mensgerigte heiliging. Die gevolg hiervan was dat hulle Christus agtergelaat het en na die Gees beweeg het. Christus en die kruisgebeure word dan maar net as 'n noodsaaklike voorstadium en middel wat ons na die Gees bring, gesien. Wanneer dit gebeur het, het Christus in wese sy rol klaar gespeel. Daarom verstaan hulle nie heiliging as die opneem van jou kruis, die afsterwe van die ou mens, as dieper-wordende skuldbesef

en groeiende ootmoed nie maar slegs as vervulling, vreugde, blydskap, geestelike gesondheid (Jonker 1981:240).

## Bibliografie

BERKOUWER GC
1949. Geloof en heiliging. Kampen : J H Kok. (Dogmatische Studiën).

BRUNER FD
1976. A Theology of the Holy Spirit. Grand Rapids : Eerdmans.

CHRISTENSON L
1968. Speaking in tongues and its significance for the church. Minneapolis : Bethany Fellowship.

DE VILLIERS JL
[*sa*] Wees Heilig. Kaapstad : N G Kerk-Uitgewers.

DU PLESSIS D
1963. The Spirit bade me. Revised and enlarged. California : Oakland.

GEE D
1932. Graham and Pentecost. Springfield ; Gospel Publishing House.

HOEKEMA AA
1972. Holy Spirit Baptism. Grand Rapids : Eerdmans.

JONKER WD
1981. Die Gees van Christus. Pretoria : N G Kerk-Boekhandel.

MOLENAAR DG
1963. De doop met de Heilige Geest. Kampen : J H Kok.

MÖLLER FP
1975. Die diskussie oor die charismata soos wat dit in die Pinksterbeweging geleer en beoefen word. Braamfontein : Evangelie Uitgewers.

PEARLMAN M
1943. Knowing the doctrines of the Bible. Springfield : Gospel Publishing House.

RATZ C
1963. The Holy Spirit. Peterborough : College Press.

STILES JE
1948. The gift of the Holy Spirit. California : Burbank.

STRYDOM MC
1988. Die aard van die prediking van Bybelkarakters. DTh-proefskrif Universiteit Oranje-Vrystaat.

WIERSINGA WA
1952. Gods werk in ons. Kampen : J H Kok.